

# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

## Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182  
WAVERLEY, 0186  
Telefoon: (012) 332-3222 x1  
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za  
Posadres:  
Posbus 31120  
TOTIUSDAL, 0134  
Webwerf: www.gsdp.co.za



## Hoërskool

Dickensonlaan 1174  
WAVERLEY, 0186  
Telefoon: (012) 332-3222 x2  
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za  
Posadres:  
Posbus 31120  
TOTIUSDAL, 0134  
Webwerf: www.gsdp.co.za

---

## INFO: 7 AUGUSTUS 2020

---

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Ons is so dankbaar dat GSDP nog oop is, dankbaar dat ons nog kan leer en saamwees.

Die afgelope week sit ek op 'n dag in my kantoor en ek kom agter dat ek besig is om na 'n klas te luister - 'n klas wat die tegnologie gebruik wat ons gedurende die grendeltyd geforseer was om te gebruik. Die video speel en ek luister na elke woord - somer so in my kantoor.

Alhoewel dit 'n dun silwer randjie is, kan ek nou getuig dat ek wel 'n randjie raaksien wat die grendeltyd vir ons geleer het om te gebruik.

Verlede week het ons 'n eerste positiewe COVID-19-geval by die laerskool gehad. Baie dankie aan die COVID-taakspan wat alles in plek gehad het en die protokol vinnig kon volg en in werking kon stel om alles so vinnig en veilig as moontlik te laat voortgaan.

Ek verseker u dat alles te GSDP in plek is. Ons het die leerling se positiewe uitslag Vrydagoggend ontvang en ons het dadelik tot aksie oorgegaan. Dankie aan elkeen wat gehelp het om hul kind(ers) van die betrokke klasse tuis te hou. Baie dankie aan die personeel wat rustigheid en vertroue by die skool uitgestraal het teenoor die leerlinge wat steeds by die skool is.

Die seisoen begin nou draai, die gras begin weer sy ware kleure wys en ons sien nie net die veranderinge by die skool nie, maar ook in die natuur en ons besef dat God steeds in beheer is. Alhoewel die wêreld "tot 'n stilstand" gekom het en alles deurmekaar is, bly God in beheer. Hy bepaal die orde in alles wat in en rondom ons gebeur.

Ek glo en vertrou dat God ons in hierdie tyd sal bystaan, sal beskerm en sal bewaar.

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**

KLEUTER- EN LAERSKOOLOOFS  
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

---

## ALGEMEEN

### PERSONEEL - VERJAARSDAG

**Baie geluk** aan mev Carol van der Walt wat op 20 Augustus verjaar. Mag u in die nuwe lewensjaar elke dag die nabyheid van die Here ervaar en mag Hy u krag gee om elke dag u werk tot eer van Hom te doen.

### GSDP - TELEFOONNOMMER

GSDP se telefoonnommer **(012) 332-3222** is in werking.

### WELKOM

**Ons verwelkom die volgende gesinne wat onlangs by die Gereformeerde Skool Dirk Postma aangesluit het:**

Pieter en Cornelia Botha, Pieter (gr RR)  
Marcel en Gerda du Preez, Chrizelda (gr 2)  
Samantha Vorster, Abigail (gr 1)

Ons vertrou dat u 'n gelukkige skoolloopbaan saam met u kinders te GSDP sal ervaar.

### GSDP - VIRTUELE BERGPRETLOOP

Ons vestig graag u aandag op ons virtuele "bergpretloop" wat in September plaasvind as GSDP-fondsinsameling. Neem gerus deel en versprei die advertensie so ver as moontlik.

### VAKANSIEDAG: MAANDAG, 10 AUGUSTUS

GSDP is gesluit op Maandag, 10 Augustus as gevolg van 'n publieke vakansiedag.

### INSKRYWINGS: 2021

Die huidige gr 7-leerlinge het reeds hul inskrywingsvorme vir 2021 ontvang.

Die gr R-leerlinge ontvang die inskrywings vandag.

Sluitingsdatum vir inskrywings: 30 September 2020.

## HERWINNING

Ons versoek dat u asseblief ons herwinnings-aksies sal ondersteun? Sodoende dra u, sonder dat u dit agterkom, by dat die skool gereeld "betaling" hiervoor ontvang.

## BLITS ELEKTRIES

Met aankope te Blits Elektries, moet u asseblief noem dat u 'n Dirk Postma-ouer of -ondersteuner is. Ons het aan die einde van Maart 2020 die bedrag van R 3 557,78 van Blits ontvang. GSDP ontvang 7,5 % op alle aankope.

## "MY-SCHOOL"-KAART

GSDP het onlangs R 7 465,63 van die "My-School"-program ontvang.

Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die bedrag oor aan GSDP.

Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za), klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

## GLAS

By die laerskool, te Cunninghamlaan is 'n houer waarin u glas vir herwinning kan plaas. Ons het die afgelope 6 jaar 'n totaal van **32 016 kg** glas herwin. Vanaf Januarie 2020 tot op hede het ons 'n totaal van R 4 236,00 ontvang.

## PICK 'n PAY - WAVERLEY PLAZA

Wanneer u aankope te Pick 'n Pay in Waverley Plaza doen, kan u u kasregisterstrokie in die houer (gemerk "Dirk Postma") gooi. Die skool wat die meeste strokies ontvang, ontvang 'n kontant-bedrag op 'n tyd wat Pick 'n Pay bepaal.

## KWARTALE - 2020

### Die kwartale vir die res van 2020 is as volg:

Kwartaal 3: 8 Julie tot 23 September

Kwartaal 4: 12 Oktober tot 15 Desember

**15 Desember:** Hierdie datum is onderhewig aan bevestiging van die departement vir datum van inhandiging van punte. Ons kommunikeer dit betyds aan u.

# HOËRSKOOL

## ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

Twee weke is verby. Alle leerlinge en personeel kan getuig dat hierdie twee weke soms soos minute voel en soms soos maande.

By die hoërskool het die aansteeklikheid van COVID-19 ons nie verbygegaan nie. Op 5 Augustus is die eerste hoërskoolleerling positief vir COVID-19 getoets. COVID-19 is 'n aanmeldbare en aansteeklike siekte en ons moet ons protokolle volg. Dus het die hoërskool fisies sy deure op Donderdag, 6 Augustus toegemaak, sodat ons die perseel kon diepreinig en die leerlinge weer op 7 Augustus veilig kon verwelkom. Alhoewel die hoërskoolterrein nie betree was nie, het Dirk Postma se hoërskoolleerlinge en -personeel omgeskakel en op 6 Augustus rustig aanlyn skoolgegaan - met die minste ontwinging.

Wat betref die aansteeklikheid en aanmeldbaarheid van COVID-19, versoek ons dat ouers die belangrikheid van sosiale afstand en die **korrekte wyse van die dra van maskers** (die masker moet die neus ook toemaak) by die leerlinge sal inskerp - nie net by die skool nie, maar ook buite die skool se hekke. Die gevalle wat aan ons bekend is, is COVID-19 buite die skool se hekke aangesteek.

Die COVID-19-taakspan het goedgekeur dat ons die ouers sal skakel van leerlinge wat met voorbedagte rade die veiligheidsprotokolle oortree, sodat u u kind(ers) kom haal. Hierdie optrede is nodig vir die ander leerlinge se veiligheid en sodat die akademie kan voortgaan. "Voorbedagte rade" sluit in, maar is nie net beperk tot die opdaag sonder 'n masker by die skool nie, maar ook die afhaal van 'n masker wanneer dit onveilig is en die opsetlike beskadiging van die skerms tussen die banke. Tydens pouse mag die leerlinge nie hul maskers afhaal om te kuier nie. Leerlinge mag slegs 'n masker afhaal wanneer hy / sy eet of drink. Die ander alternatief is gesigskerms.

Sterkte aan alle gesinne wat reeds deur die COVID-19 geraak is en wat selfisolasie moet toepas of families wat positief getoets is en selfs gehospitaliseer moet word. Ons moet mekaar se belange op die hart dra en vir mekaar bid dat hierdie beproewinge vir ons gemeenskap draaglik mag wees.

## PERSONEEL

Vanuit die hoof se kantoor wil ek graag aan elke personeellid op hierdie platform dankie sê en ek is seker ek praat uit elke ouer se mond. Baie dankie vir u toewyding en voorbeeld.

## LIEF EN LEED

Baie geluk aan mev **Mietie** en mnr Arjan Lamberts en mnr Wiku en mev **Marina** van Rooyen met die swangerskap. Ons bedede is dat die Here die swangerskap sal seën.

## AKADEMIE

Onthou asseblief van die toetsreeks waarmee leerlinge besig is. Die leerlinge ontvang reeds afbakenings.

Datum	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
<b>KWARTAAL 3</b>					
11 Augustus	Kerkgeskiedenis	SW	LO	Kerkgeskiedenis	IGO
13 Augustus	SW	NW	Kerkgeskiedenis	Bybel	Rek/VS/BS
18 Augustus	Kuns	LO	Bybel	Wisk/WG	LW/Kuns/IT
20 Augustus	Bybel	Bybel	Wisk/WG	Engels	Wisk/WG
25 Augustus	LO	EBW	Engels	LW/IGO/BS/RTT	FW/RTT/Geo
27 Augustus	Wiskunde	Wiskunde	FW/Geo/RTT	IT/VS	LO
1 Sep	NW	Afrikaans	LW/BS	Kerkgeskiedenis	<b>Rekordeksamen 24 Augustus tot 23 September</b>
3 Sep	Tegnologie	Tegnologie	VS/IT	FW	
8 Sep	EBW	SW	IGO	Bybel	
10 Sep	SW	NW	Afrikaans	Afrikaans	
15 Sep	Engels	Kerkgeskiedenis	Rek/Kuns	Rek/Kuns/Geo	

Ons maak ouers op die volgende attent tydens toetsreeks: Indien 'n leerling in kwarantyn of isolasie is, het ons 'n aanlyn-toets-skryf-opsie beskikbaar. Dit geskied in die normale toetstye by die huis en toesig en internetkonneksie is daarvoor nodig. Skakel gerus die voogonderwyser in so 'n geval. Andersins tel die gewone toetsreël (soos altyd): Sonder 'n doktersbrief kry die leerling ongelukkig nie punte nie.

**Protokol:** Volgens GSDP se protokolle wat aan u gekommunikeer is, sal u merk dat selfisolasie van 'n leerling en onderwyser in sekere gevalle moet plaasvind. Ons het 'n paar leerlinge, wat weens onderliggende siektetoestande, tuis aangaan met die skoolwerk. U sal merk dat die eise op die onderwysers hoog was, aangesien hulle fisies en aanlyn klas gegee het. In laasgenoemde geval, gaan die hoërskoolpersoneel poog om alle inligting wat die leerlinge in die klaskamer ontvang, op *GoogleClass* te laai, maar die leerlinge ontvang nie meer aanlynklas nie. Indien 'n leerling nie in die klas is nie, kan hy / sy die lesaanbieding later aflaai en is dit dus net vir selfstudie en om nie agter te raak nie. Amptelike skrywe volg.

**Registrasie 2021 - gr 8:** Die registrasie vir 2021 se gr 8-leerlinge is tans oop. Kontak gerus die kantoor indien daar leerlinge is wat graag wil inskryf.

Inskrywings sluit 30 September 2020.

**Rekordeksamen:** Die gr 12-leerlinge se rekordeksamenrooster is uitgewerk. Ons mag en voer die opsie uit om ons eie datums vir die rekordeksamen te bepaal. Alle reëlins is getref om seker te maak dat die vraestelle aan die minimumstandaard van die departement voldoen, sodat die gr 12-leerlinge kan voorberei vir hul eindeksamen.

**GR 12: REKORDEKSAMENROOSTER**  
**24 Augustus - 23 September 2020**  
*(Finaal, soos op 6 Augustus 2020)*

DATUM	DAG	TYD	TYDSDUUR	SESSIE	VAK
24 Augustus	Maandag	8:00	2 uur 2 uur	1	Rekeningkunde V1 Besigheidstudies V1
25 Augustus	Dinsdag	8:00	2½ uur	1	Engels P3
26 Augustus	Woensdag	8:00	3 uur	1	IGO V1
28 Augustus	Vrydag	8:00	3 uur	1	Wiskunde V1 Wiskunde Geletterdheid V1
31 Augustus	Maandag	8:00	3 uur	1	Wiskunde V2 Wiskunde Geletterdheid V2
1 September	Dinsdag	8:00	3 uur	1	Afrikaans V3
2 September	Woensdag	8:00	2 uur	1	Bybel
4 September	Vrydag	8:00	3 uur	1	Fisiese Wetenskappe V1 RTT V1
7 September	Maandag	8:00	3 uur	1	Fisiese Wetenskappe V2 RTT V2
8 September	Dinsdag	8:00	2 uur	1	Engels P1
9 September	Woensdag	8:00	2½ uur	1	Afrikaans V2
10 September	Donderdag	8:00	3 uur	1	IT V1
11 September	Vrydag	8:00	2½ uur 3 uur	1	Lewenswetenskappe V1 Geografie V1
		13:00	1½ uur	2	Geografie V2
14 September	Maandag	8:00	2 ½ uur	1	Lewenswetenskappe V2
16 September	Woensdag	8:00	2 uur 3 uur	1	Rekeningkunde V2 Verbruikerstudies
17 September	Donderdag	8:00	3 uur 3 uur	1	Kunsteorie IT V2
18 September	Vrydag	8:00	2 uur 3 uur	1	Besigheidstudies V2 IGO V2
21 September	Maandag	8:00	2 uur	1	Engels V2
22 September	Dinsdag	8:00	2 uur	1	Kerkgeskiedenis
23 September	Woensdag	8:00	2 uur	1	Afrikaans V1
19 Oktober	Maandag	9:00		1	LO (eindeksamen)*

\*Hierdie datum is onderhewig aan verandering, aangesien dit deur die departement vasgestel word.

## SPORT EN KULTUUR

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

**Skaak:** Ons beoog om DV binnekort op Maandagmiddae interne skaakwedstryde te hervat. Ons gaan dit veilig aanbied.

## SNOEPIE

Die hoërskool se snoepie gaan eersdaags met beperkte voorraad veilig hervat. Verdere kennisgewings volg.

# LAERSKOOL

## AKADEMIE - TOETSROOSTER: 18 AUGUSTUS - 10 SEPTEMBER

DAG	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Di. 18 Aug	Bybelonderrig	Bybelonderrig	Bybelonderrig	Bybelonderrig
Do. 20 Aug	Engels	Engels	Engels	Engels
Vr. 21 Aug				EBW
Di. 25 Aug	SW	SW	SW	SW
Do. 27 Aug	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
Di. 1 Sep	Nat. + Teg.	Nat. + Teg.	Nat. + Teg.	NW
Do. 3 Sep	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
Di. 8 Sep	Vaardigheids- toets	Vaardigheids- toets	Vaardigheids- toets	Tegnologie
Do. 10 Sep	LO	LO	LO	LO

\* Die leerlinge skryf die toets in die toetsperiode.

\*\* EBW: Die leerlinge skryf in periode 5.

\*\*\* Geen formele assessering / toetse vir: Kuns & Kultuur en Kerkgeskiedenis nie.

## LIEF EN LEED

Baie geluk aan mev **Grainne** en mnr Robert Pouwels, mev **Hildegard** en mnr Jaco van Heerden en mnr Erik en mev **Yolanda** Visser met die swangerskap. Baie sterkte en ons bede is dat die swangerskap voorspoedig mag verloop.

## SPORT EN KULTUUR; BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerlinge met hul verjaarsdag. Ons hoop dat jou huisgesin jou baie sal bederf:

- 7 Augustus: Aiden Oberholzer (gr 5)
- 13 Augustus: Andreas Etsebeth (gr 1)
- 14 Augustus: Bianca van de Wetering (gr 7)
- 15 Augustus: Chrizelda du Preez (gr 2)
- 16 Augustus: Maarten van Heerden (gr 6)
- 19 Augustus: Carlo van Rooyen (gr 6)
- Robbert van der Kooy (gr 1)
- Ethan Boersema (gr 5)

# KLEUTERSKOOL

Dit is heerlik om weer al die kleuters te hoor lag en gesels!

Ons tema vir hierdie week is "die tandarts". Ons sing in die klasse die volgende liedjie (op die wyse van "Vader Jakob"):

Borsel tandjies, borsel tandjies,  
Heen en weer, op en af,  
Orals in die rondte, orals in die rondte,  
Kieme-is weg, kieme-is weg.

## Verjaarsdae:

7 Augustus:	Adri Boersema	26 Augustus:	Marko Jansen
8 Augustus:	Jeandré Jansen	27 Augustus:	Markus Vorster
18 Augustus:	Tharien van Straten		

**U IS WELKOM OM INDIVIDUEEL-VERPAKTE LEKKERNYE (SKYFIES, SMARTIES, ENSOVOORTS) SKOOL TOE TE STUUR.**

Geboortes: Vreugde en seënwense aan die gesinne met die geboorte van verbonds-seuns: ds Lohan en Arina Linde & Werner en Christa Boersema.

Hektye:

Oggend:	07:00 - 07:40
Middag:	13:00 - 13:30

## Roetines en reëls:

- Ons stuur gereeld die A3-koeverte huis toe met die kleuters se tekeninge en kuns. Stuur asseblief die leë koevert weer terug skool toe.
- Stuur asseblief ELKE DAG saam met u kind 'n bottel water skool toe.
- Moet asseblief GEEN speelgoed of boekies saam met u kind skool toe stuur nie.

## Gr R: Huiswerk:

- Leer asseblief vir u kind hoe om veters vas te maak (dit is 'n belangrike fynmotoriese vaardigheid wat moet ontwikkel, sodat die kleuter later die skryfvaardighede bemeester).
- Ons gaan binnekort leer touspring! Stuur asseblief saam met u kind 'n springtou skool toe. Bepaal as volg die lengte van die springtou: die kleuter trap op die middel van die tou, dan moet die punte van die tou tot by die kleuter se skouers strek.

Romeine 8: 35 - 39: "Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

---